

NALIBALI

Die einde van die jaar is net om die draai!

Die skooljaar is byna verby, en binnekort sal dit die tyd van die jaar wees wanneer die meeste van ons meer tyd as gewoonlik saam met familie en vriende kan deurbring. Dis tyd vir daardie langverwagte vakansie aan die einde van die jaar. Die tyd van die jaar wanneer ons almal 'n bietjie rustiger kan raak, kan ontspan en tyd het om meer te doen van die dinge wat ons geniet.



The end of the year is near!

The school year is almost over and soon it will be that time of year when most of us are able to spend more time than usual with family and friends. It's time for that long-awaited end-of-year break. That time of year when we can all slow down a bit, relax and spend time doing more of the things we enjoy.

Motiveer jou kinders om te lees

Hopelik is lees een van die dinge wat jy geniet! Al kry jy nie gedurende die jaar veel tyd om te lees nie, bied die Desembervakansie 'n wonderlike geleentheid om tyd saam met 'n goeie boek of twee deur te bring. En terwyl jy lees, stel jy 'n positiewe voorbeeld vir jou kinders!

Wanneer jou kinders jou met 'n boek sien ontspan, leer hulle dat lees iets is wat 'n mens vir plesier doen. Hulle leer dat lees iets is wat 'n mens kan doen om te ontspan. En so is jy, sonder om eens te probeer, 'n kragtige leesrolmodel vir jou kinders en help jy hulle om lewenslange lesers te word.



Motivate your children to read

Hopefully, one of things you enjoy doing is reading! Even if you don't get much time to read during the rest of the year, the December holiday offers a great opportunity to spend time with a good book or two. What's more, as you read, you'll be providing a positive example for your children!

When your children see you relaxing with a book, they learn that reading is something you do for pleasure. They learn that reading is something that can be done for leisure. And so, without even trying to, you are being a powerful reading role model for your children and helping them to become lifelong readers.

Wat jy ook al doen en waar jy ook al hierdie vakansieseisoen gaan wees, ontspan en geniet 'n fantastiese vakansie propvol stories!



Whatever you do and wherever you will be this holiday season, relax and have a fabulous, story-filled holiday!

Maak stories deel van die feesvierings!

Daar is hierdie tyd van die jaar dikwels ook baie feesvierings. Daar is tye wanneer ons as volwassenes terugdink aan hoe ons hierdie feesvierings as kinders ervaar het. Dit beteken dat ons stories het om te vertel! Het jy al ooit daaraan gedink om hierdie stories oor jou kinderjare vir jou kinders te vertel? Stories help hulle om hul verbeelding en kreatiwiteit te ontwikkel. Dit help hulle om hul taal en denke te ontwikkel. En as jy hierdie stories uit jou kinderjare vertel, help dit om die geslagte in jou familie met mekaar te verbind. Hierdie stories gee vir kinders 'n gevoel van waar hulle vandaan kom en wie hulle is.



Celebrate with stories!

Often there are also a lot of celebrations around this time of the year. There are times when we as adults think back to how we experienced these celebrations as children. That means that we have stories to tell! Have you ever thought about sharing these stories about your childhood with your children? Stories help them to develop their imagination and creativity. They help them to develop their language and thinking. And sharing the stories of your childhood helps to connect the generations of your family. These stories give children a sense of where they come from and who they are.

Ons neem 'n blaaskans tot Februarie 2025. Sluit dan weer by ons aan vir nog Nalibali-leesplesier! Gaan intussen na www.nalibali.org vir stories en lees-vir-genot-inspirasie.

We will be taking a break until February 2025. Join us then for more Nalibali reading magic! In the meantime, visit www.nalibali.org to find stories and reading-for-enjoyment inspiration.



Drive your imagination



IT STARTS WITH A STORY.
DIT BEGIN MET 'N STORIE.



Geletterdheidsaadjies!

Lees vir babas en kleuters (0-3 jaar oud)

Literacy Seeds!

Reading to babies and toddlers (aged 0-3 years)



Beste ouers en versorgers van jong kinders, dink jy jou baba sal leer praat as niemand ooit met hom of haar praat nie? Babas leer praat omdat ouers met hulle praat. Ons leer op dieselfde maniere lees en skryf, want soos luister en praat, is dit ook deel van taalontwikkeling.

As jy vir jou baba lees, bied dit haar ander geleenthede om mondelinge taal te ontwikkel, en sy begin ook haar leesavontuur en vind uit hoekom boeke bestaan en wat ons daarmee kan doen.



Dear parents and caregivers of young children, do you think your baby would learn to speak if no one ever spoke to him or her? Babies learn to talk because older people talk to them. Learning to read and write are learnt in similar ways, because like listening and speaking, they are also part of language development. Reading to your baby offers her other opportunities to develop oral language, and she also starts her reading adventure, learning what books are about and what we can do with them.



Is dit die moeite werd?

Wanneer jy boeke vir babas lees:

- * help dit julle om nader aan mekaar te kom.
- * ontwikkel dit hul taalvaardighede.
- * stimuleer dit hul kognitiewe ontwikkeling.

Is it worth my time?

Sharing books with babies:

- * helps you bond with each other.
- * develops their language skills.
- * stimulates their cognitive development.

Beste boeke op verskillende ouderdomme

Van omtrent ses maande geniet jou baba dalk boeke wat liedjies en rympies bevat.

Ten ongeveer nege maande geniet baie babas boeke met flappies, opwipboeke en boeke wat knoppies het wat geluide maak wanneer jy daarop druk. Jy sal dalk oplet dat jou baba meer aandag begin gee aan wat in die boek gebeur. Sy wys byvoorbeeld dalk na dinge op die bladsy of probeer omblaai.

Tussen een en drie jaar neem babas en kleuters se vermoë om taal te verstaan en te gebruik drasties toe. Dit lyk asof hulle nou al die boeke geniet, van hul eerste prentboeke tot by storieboeke.

Hou aan om elke dag 'n spesiale tyd opsy te sit om saam met jou kind te lees en kies 'n groter verskeidenheid boeke.



Best books at different ages

From about six months your baby may enjoy books that have songs and rhymes in them.

By about nine months many babies enjoy books with flaps, pop-ups and buttons that make sounds when you press them. You'll probably notice that your baby begins to engage more with what is going on in the book. For example, she might point to things on the page or try to turn a page.



Between one and three years babies' and toddlers' ability to understand and use language increases dramatically. They seem to enjoy all the books from their first picture books as well as ones that have stories.

Continue to set aside a special time each day to read with your child, choosing a wider variety of books.



Drive your imagination

10 wenke wanneer jy saam met jou baba lees

- * Dis goed om boeke met eenvoudige prente met sterk kontraste (soos swart en wit) of foto's van babas se gesigte vir baie jong babas te kies.
- * Lees dieselfde boek oor en oor. Herhaling en roetine laat jong babas veilig voel!
- * Jy kan ook ander dinge sê as wat op die bladsy geskryf is, solank jy en jou baba jul tyd saam met die boek geniet.
- * Dit is die maklikste om jou baba met haar rug teen jou op jou skoot te laat sit en die boek voor haar vas te hou.
- * Moenie vergeet om aan jou baba aandag te gee terwyl julle lees nie. 'n Soentjie en 'n drukkie terwyl julle lees, help om 'n positiewe assosiasie met lees en boeke te skep.
- * Lees die woorde vir haar, maar gesels ook oor wat in die prente gebeur. Noem die name van sommige voorwerpe en kleure.
- * Maak ook baie interessante geluide – byvoorbeeld, “moe” wanneer julle na 'n prent van 'n koei kyk. Babas hou daarvan om verskillende geluide te hoor!
- * Sodra jou baba kan sit, kan jy boeke begin wys wat jou baba op haar eie kan gebruik. Karton- en lapboeke kan gekou, getrek, geklap en geslaan word sonder dat dit breek!
- * Kies 'n paar stories waarin daar ander kinders is en ook stories oor die gesin en alledaagse ervarings. Gebruik ook boeke sonder woorde. Gesels met jou kind oor die prente en maak jul eie storie op.
- * Vestig jou kind se aandag op iets terwyl jy lees en vra eenvoudige vrae soos “Wie is dit?”, “Waar is hy?” en “Wat is dit?”



10 tips for reading with your baby

- * It's good to choose books for very young babies that have simple pictures with strong contrasts (like black and white) or photographs of babies' faces.
- * Read the same book over and over again. Repetition and routine make young babies feel secure!
- * You can also say different things than what is written on the page as long as you and your baby are enjoying yourselves with the book.
- * It's easiest to put your baby on your lap with her back against you and to hold the book in front of her.
- * Don't forget to give your baby some attention while you read. A kiss and a cuddle during book-sharing time helps to build a positive association with reading and books.
- * Read the words to her but also talk about what is in the pictures. Name some of the objects and colours.
- * Make lots of interesting sounds too – for example, ‘moo’ when you look at a picture of a cow. Babies love to hear different sounds!
- * As soon as your baby can sit, you may introduce books that can be used by your baby on her own. Board and fabric books can be chewed, pulled, patted and bashed without breaking!
- * Choose some stories that have other children in them as well as ones that are about family and everyday experiences. Use wordless books too. Talk about the pictures with your child and make up your own story.
- * As you read a book, draw your child's attention to something and ask simple questions like ‘Who is that?’, ‘Where is he?’ and ‘What is that?’



Hoe om ons stories op verskillende maniere te gebruik

1. **Vertel die storie vir jou kind.** Lees en oefen om die storie te vertel. Gebruik dan jou stem, gesig en liggaam om die storie te laat lewe.
2. **Lees die storie vir jou kind.** Gesels oor die prente. Vra: “Wat dink jy gebeur volgende?” of “Hoekom dink jy het die karakter dit gesê of gedoen?”
3. **Lees die storie saam met jou kind.** Maak beurte om die storie saam te lees. Moenie hul foute regmaak nie, en help net as hulle jou vra om te help.
4. **Luister hoe jou kind lees.** Luister sonder om hulle te onderbreek. Sê dat dit vir jou lekker is om te luister wanneer hulle hardop vir jou lees.
5. **Doen die aktiwiteite in Raak doenig met stories!** Dit behoort vir jou en jou kind pret te wees.

How to use our stories in different ways

1. **Tell the story to your child.** Read and practise telling the story. Then use your voice, face and body to bring the story to life.
2. **Read the story to your child.** Talk about the pictures. Ask, “What do you think happens next?” or “Why do you think the character said or did that?”
3. **Read the story with your child.** Take turns to read the story together. Don't correct their mistakes, and only help if they ask for it.
4. **Listen to your child read.** Listen without interrupting. Say that you enjoy hearing them read aloud to you.
5. **Do the Get story active! activities.** This should be fun for you and your child.



Die Siyafunda Community Learning Hub Programme

skop af in die Msunduzi Plaaslike Munisipaliteit



The Siyafunda Community Learning Hub Programme

kicks off in Msunduzi Local Municipality

Sedert Januarie 2024 bestuur Nal'ibali 'n VKO-ontwikkelingsprogram wat oor twee jaar strek en as die Siyafunda Community Learning Hub Programme bekend staan. Die program sal in Januarie 2026 ten einde loop. Hierdie program word in samewerking met MacMillan Education, Mikhulu Trust, die Sunshine Association, die biblioteekdiens en die bestuur van die Msunduzi Plaaslike Munisipaliteit in vyf gebiede van die Msunduzi Plaaslike Munisipaliteit aangebied. Hierdie gebiede is:

1. Edendale
2. Noordelike en Sentrale Gebiede
3. Imbali
4. Vulindlela-Suid
5. Vulindlela-Noord



Beginstigdes en belanghebbers luister aandagtig tydens 'n geleentheid in Vulindlela-Noord.

Beneficiaries and stakeholders listen attentively at the Vulindlela North Stakeholder Engagement Event.

Since January 2024, Nal'ibali has been leading a two-year ECD development programme called the Siyafunda Community Learning Hub Programme, ending in January 2026. Together with MacMillan Education, Mikhulu Trust, the Sunshine Association, the Library Services and management of the Msunduzi Local Municipality, this programme has been delivered within five areas of the Msunduzi Local Municipality. These areas are:

These areas are:

1. Edendale
2. Northern & Central Areas
3. Imbali
4. Vulindlela South
5. Vulindlela North



Nal'ibali-personeel lei die kinders in geesdriftige sang by die boekverspreidingsgeleentheid op Mandeladag by die Nyakazani Creche kwaDeda en Bantu Day Care kwaMagwenyane in Vulindlela-Noord.

Nal'ibali staff lead the children in a spirited song at the book distribution event on Mandela Day at Nyakazani Creche kwaDeda and Bantu Day Care kwaMagwenyane in Vulindlela North.

Die Siyafunda Community Learning Hub Programme word deur USAID befonds



The Siyafunda Community Learning Hub Programme is funded by USAID

Ons werk deur middel van die program saam met 350 VKO-praktisyns en 800 ouers en versorgers. Die program strewende daarna om:

- ☉ vroeë geletterdheid vir kinders tussen 0 en 6 jaar wat beperkte toegang tot VKO-geriewe en -dienste het, te ondersteun en te versterk.
- ☉ te help om vroeë geletterdheid en die aanleer van taal deur spelgebaseerde aktiwiteite te verhoog en te verbeter.
- ☉ te help om kinders se grootmotoriese vaardighede te ontwikkel om hulle sodoende vir skool voor te berei.
- ☉ toe te sien dat die program deur die gemeenskapstrukture in elke gebied aangeneem word.
- ☉ boeke, Nal'ibali se tweetalige bylaes en speelstelhulpbronne aan deelnemers te voorsien om kinders se leer te ondersteun.

Die opleiding van ouers en VKO-praktisyns het in hierdie spilpunte begin, en daar is groot opgewondenheid wanneer hulle sien hoe hulle by die program baat wanneer hulle die vaardighede aanleer om hul kinders se vroeë leer te verbeter.

Feesvierings op Mandeladag

Nal'ibali het ook bygedra tot die feesvierings op Mandeladag deur 67 boeke aan twee plaaslike VKO-sentrums in Vulindlela-Noord te skenk.

Through the programme, we are working with 350 ECD practitioners and 800 parents and caregivers. The programme aims to:

- ☉ support and strengthen early childhood literacy for children between 0-6 years who have limited access to formal ECD facilities and services.
- ☉ help to increase and improve early literacy and language learning through play-based activities.
- ☉ help to develop children's gross motor skills to prepare them for school.
- ☉ to ensure that the programme is owned by the community structures within each area.
- ☉ supply participants with books, Nal'ibali bilingual supplements and play kit resources to support children's learning.

The training of parents and ECD practitioners has started in the hubs, and there is a lot of excitement as they see the programme benefitting them with skills to improve their children's early learning.

Mandela Day celebrations

Nal'ibali also contributed to Mandela Day celebrations by donating 67 books to two local ECD Centres in Vulindlela North.

Bou jou eie biblioteek.

Maak **TWEE** knip-uit-en-bêreboekies

1. Haal bladsye **5** tot **12** van hierdie bylae uit.
2. Die vel met bladsye **5**, **6**, **11** en **12** daarop maak een boek. Die vel met bladsye **7**, **8**, **9** en **10** daarop maak die ander boek.
3. Gebruik elk van die velle om 'n boek te maak. Volg die instruksies hier onder om elke boek te maak.
 - a) Vou die vel in die helfte op die swart stippellyn.
 - b) Vou dit weer in die helfte op die groen stippellyn.
 - c) Knip op die rooi stippellyne.



Grow your own library.

Create **TWO** cut-out-and-keep books

1. Take out pages **5** to **12** of this supplement.
2. The sheet with pages **5**, **6**, **11** and **12** on it makes up one book. The sheet with pages **7**, **8**, **9** and **10** on it makes up the other book.
3. Use each of the sheets to make a book. Follow the instructions below to make each book.
 - a) Fold the sheet in half along the black dotted line.
 - b) Fold it in half again along the green dotted line.
 - c) Cut along the red dotted lines.



Drive your imagination



Then Donkey walked in. Sheep walked in too. Pig followed Sheep.
 Hen felt very worried when she saw all the animals. Toe stap Donkie in. Skaap stap ook in. Vark volg vir Skaap.
 Hen is baie bekommerd toe sy al die diere sien. Koel stap in die huis in.

Cow knocked on Hen's front door. "Hello, Hen," said Cow.
 "Come in, Cow," said Hen. "Here's your cup of tea." Cow walked into the house.
 Koel klop aan Hen se voordeur. "Hallo, Hen," se Koel. "Kom in, Koel," se Hen. "Hier is jou koppie tee." Koel stap in die huis in.

Hen makes the best tea on the farm. When Hen invites Cow over for a cup of tea, she ends up with many more guests than expected!

This story was specially created for Nal'ibali to spark children's potential through storytelling and reading for enjoyment.



Hen maak die lekkerste tee op die plaas. Wanneer Hen vir Koei oornooi vir 'n koppie tee, kry sy baie meer gaste as wat sy verwag het!

Hierdie storie is spesiaal vir Nal'ibali geskep om kinders se potensiaal te laat vlamvat deur stories te vertel en vir genot te lees.

Get story active!

- ★ Draw a picture of a tea party with your friends. Look at old magazines or newspapers and cut out pictures of the food and drinks at your party. Paste the pictures on your drawing.
- ★ Play a memory game. Find pictures of all the animals in the story. Read the story again. Then, without looking at the story, arrange the animals in the order that they appear in the story.
- ★ Use clay or play dough to make models of the animals in the story. Retell the story using the models to act out their parts.

Raak doenig met stories!

- ★ Teken 'n prent van 'n teepartytjie saam met jou maats. Blaai deur ou tydskrifte of koerante en knip prente van die kos en drinkgoed by jou partytjie uit. Plak die prente op jou prent.
- ★ Speel 'n onthou-speletjie. Vind prente van al die diere in die storie. Lees die storie weer. Rangskik dan die diere in die volgorde waarin hulle in die storie verskyn sonder om na die storie te kyk.
- ★ Gebruik klei of speeldeeg om modelle van die diere in die storie te maak. Vertel die storie weer en gebruik die modelle om hul rolle op te voer.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskuil regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.

Hen's tea party



Hen se teepartytjie

Lethogonolo I Riba • Manu Kongolo


Ideas to talk about: Have you ever been to a tea party? Who hosted the party? What do you think should be eaten at a tea party?

Idees om oor te praat: Was jy al ooit by 'n teepartytjie? Wie het die partytjie gehou? Wat dink jy moet 'n mens by 'n teepartytjie eet?




Drive your imagination

On the way to Hen's house, they met Pig.
 "Hello, Cow. Hello, Donkey. Hello, Sheep.
 Where are you going?" asked Pig.
 "We are going to Hen for a cup of tea,"
 said Cow.
 "May I come too? Hen makes the best tea on
 this farm," said Pig.
 "Yes, you may come," said Cow. "I'm sure
 Hen won't mind."
 "Yay! Let's go!" said Donkey, Sheep and Pig.
 Op pad na Hen se huis toe loop hulle vir
 Vark raak.
 "Hallo, Koel, Donkie, Hallo, Skaap.
 Waarheen gaan julle?" vra Vark.
 "Ons gaan na Hen toe vir 'n koppie tee,"
 sê Koel.
 "Kan ek saamkom? Hen maak die lekkerste
 tee op hierdie plaas," sê Vark.
 "Ja, jy kan," sê Koel. "Ek is seker Hen sal nie
 omgee nie."
 "Hoera! Kom ons gaan!" sê Donkie, Skaap
 en Vark.



Hen lived on a big farm where all the animals
 were friends.
 She made the best tea on the farm.
 One day, Hen invited Cow to her house for a cup
 of tea.
 On the way to Hen's house, Cow met Donkey.
 "Hello, Cow. Where are you going?" asked Donkey.
 "I am going to Hen for a cup of tea," said Cow.
 "May I come too? Hen makes the best tea on this
 farm," said Donkey.
 "Yes, you may come," said Cow.
 "I'm sure Hen won't mind."
 "Yay! Let's go!"
 said Donkey.




Toe daar honderd name op die wiegie is en Joseph al 'n ou man is, bedreig 'n veldbrand wat deur verskriklike winde aangeblaas word, die dorpie. Die mans probeer die brand keer, en die vroue bring al die kinders en ou mense na veiligheid. Almal behalwe Joseph. Dit is te laat teen die tyd dat hulle by hom uitkom. Almal is hartseer oor sy dood.



When the cradle had a hundred names on it and Joseph was an old man, a wild fire that was driven by terrific winds threatened the village. The men bottled the flames while the women got all the children and the elderly to safety. All but Joseph. It was too late by the time they reached him. His death touched everyone.

When the old yellowwood tree is blown down, Joseph carves a beautiful cradle from it for his new baby daughter, Sisi. The cradle passes from baby to baby in their village, and each baby's name is carved on its sides. Then a fire sweeps through the village and kills Joseph. Years later, when Sisi is expecting her first grandchild, she looks for the cradle, but can't find it. She fears that it has also been destroyed ... but she's in for a wonderful surprise.



Toe die ou geelhoutboom omwaai, kerf Joseph 'n pragtige wiegie vir sy nuwe babadogtertjie, Sisi, daaruit. Die wiegie word deur die een baba ná die ander gebruik, en elke baba se naam word op die kante uitgekerf. Toe verwoes 'n brand die dorpie en Joseph sterf in die brand. Jare later, toe Sisi haar eerste kleinkind verwag, soek sy na die wiegie, maar kan dit nêrens kry nie. Sy is bang dat dit ook verbrand het ... maar daar wag 'n wonderlike verrassing op haar.

Get story active!

- ★ Look at the illustrations more closely:
 - ☆ Pages 6 and 7: Can you see Sisi? What is she doing? Can you see where her mother and father are? What are they doing?
 - ☆ Pages 8 and 9: What can you see in this picture?
 - ☆ Pages 12 and 13: Do you think the people in the village are happy to have the cradle back? How can you tell? Can you see all the names on the cradle?
- ★ Use paper and sticky tape to make a cradle and a baby to put inside it. Use the cradle and baby to tell your own story.

Raak doenig met stories!

- ★ Kyk weer goed na die illustrasies:
 - ☆ Bladsye 6 en 7: Kan jy vir Sisi sien? Wat doen sy? Kan jy sien waar haar mamma en pappa is? Wat doen hulle?
 - ☆ Bladsye 8 en 9: Wat sien jy in hierdie prent?
 - ☆ Bladsye 12 en 13: Dink jy die mense in die dorpie is bly om die wiegie terug te kry? Hoe weet jy dit? Kan jy al die name op die wiegie sien?
- ★ Gebruik papier en kleefband en maak 'n wiegie en 'n baba om daarin te sit. Gebruik die wiegie en baba om jou eie storie te vertel.

Nal'ibali is a national reading-for-enjoyment campaign to spark and embed a culture of reading across South Africa. For more information, visit www.nalibali.org.



Nal'ibali is 'n nasionale lees-vir-genotveldtog. Dit wil 'n leeskuil regoor Suid-Afrika laat vlamvat en vaslê. Vir meer inligting, besoek www.nalibali.org.



Drive your
imagination

Joseph's cradle



Joseph se wiegie

Jude Daly • Magriet Brink

Ideas to talk about: What do you think happens in this story? Do the people you know who have babies use a cradle for the baby to sleep in? Where else do people place their babies when the babies sleep?

Idees om oor te praat: Wat dink jy gebeur in hierdie storie? Laat die mense wat jy ken en wat babas het, hul babas in wiegies slaap? Op watter ander plekke laat mense hul babas slaap?

Soos die res van die mense in die dorpie, begin Sisi nd die brand herbou, regmaak en skoonmaak. En daarom duur dit 'n rukkie voordat sy aan haar pa se wiegie dink. Waar is dit? Word dit gebruik? Maar niemand in die dorpie het dit nie. Ongelukkig het hulle dit ook seker in die brand verloor. Nou sal Sisi se kleinkind, wat teen die volgende volmaan gebore gaan word, nooit daarin kan slaap nie.

Like the rest of the village, Sisi spent her time rebuilding, fixing and cleaning up after the fire. So it was a while before she thought of her father's cradle. Where was it? Was it being used? But no one in the village had it. Sadly, it too must have been lost to the fire. Now Sisi's grandchild, due by the next full moon, would never sleep in it.



Elke pasgebore baba in die dorpie slaap in Joseph se wiegie. Dan, met groot sorg, voeg Joseph die baba se naam by die groeiende lys name wat aan die kante van die wiegie uitgekerf is.



Shortly before Sisi was born, a terrific wind brought down the old yellowwood tree that had, it seemed, stood in the village forever. The loss was felt by everyone. Never again would children swing from its branches and never again would people find shelter from the hot sun in its dappled shade.

Maar in 'n dorpie daar naby groei Themba se babaseuntjie baie vinnig. Hy is reeds te groot vir die wiegie waarin Themba ook as baba geslaap het. Daarom sus hy sy seun vir die laaste keer daarin aan die slaap. Dit was gaaf van Joseph om hom toe te laet om die wiegie uit die dorpie te neem. Maar nou is dit tyd om dit terug te neem.

But, in a neighbouring village, Themba's baby son was growing fast. Already he had outgrown the very cradle that Themba had once slept in. So, for the last time, he rocked his son to sleep in it. It had been kind of Joseph to let him take the cradle out of the village. Now it was time to take it back.




That night Sisi stood and watched as an almost full moon rose high in the sky. Soon a newborn baby, Joseph's first great-grandchild, would be rocked to an African lullaby in a beautiful yellowwood cradle. *"Thula thula, Thula baba, Thula sana."*

Daardie aand staan Sisi en kyk terwyl die maan, wat amper vol is, tot hoog in die lug styg. Een van die dae sal 'n pasgebore baba, Joseph se eerste agterkleinkind, in 'n pragtige geelhoutwiegie aan die slaap gesus word met 'n Afrika-wiegelied. *"Thula thula, Thula baba, Thula sana."*

Sisi was sommer gou te groot vir die wiegie, en hulle gee dit toe vir die buurman sodat hy dit vir sy pasgebore baba kan gebruik. En so het 'n tradisie begin.

All too soon, Sisi outgrew the cradle, and it was passed to a neighbour for his newborn baby. A tradition had begun. Each newborn baby in the village slept in Joseph's cradle. Then, with great care, he would add their name to the growing list carved on its sides.



Kort voor Sisi se geboorte het 'n verskriklike wind die ou geelhoutboom wat seker nog altyd in die dorpie gestaan het, omgewaai. Almal het die verlies gevoel. Kinders sou nooit weer aan sy takke swaai nie, en mense sou nooit weer in sy kolle skaduwee van die warm son kon skuil nie.

En nd Sisi se geboorte is sy in hierdie wiegie aan die slaap gesus met 'n Afrika-wiegelied: "Thula thula, Thula baba, Thula sana."




And when Sisi was born, it was in this cradle that she was rocked to an African lullaby, "Thula thula, Thula baba, Thula sana."




But Sisi's father, Joseph, was determined that the old tree should not be forgotten and so he set about carving a cradle from its beautiful wood.

Maar Sisi se pa, Joseph, was vasbeslote dat die ou boom onthou moet word, en daarom het hy 'n wiegie uit die pragtige hout begin kerf.

The next day, to the sounds of ululating and the stamping of feet, Themba returned the cradle to the village, and to Sisi. On its sides, there were now a hundred and one babies' names, and on the headboard, carved with great care, just one name ... Joseph.



Die volgende dag neem Themba die wiegie terug na die dorp en gee dit vir Sisi terwyl die mense sing en hulle voete stamp. Aan die kante is daar nou 'n honderd en een babas se name uitgerf, en op die kopstuk, met groot sorg uitgerf, net een naam ... Joseph.



Then they also brought teaspoons and plates ... and biscuits and cake to put on the plates.
“Oh dear! Now there’s too much of everything!” said Hen.
“Let’s have a tea party!” said Cow.
So Hen made tea for all the animals and they had the best tea party!


Toe bring hulle ook teelepels en bordjies ... en koekies en koek om op die bordjies te sit.
“O aarde! Nou is daar te veel van alles!” sê Hen.
“Kom ons hou ’n teepartytjie!” sê Koei.
Toe maak Hen vir al die diere tee, en hulle hou die lekkerste teepartytjie.



Hen woon op ’n groot plaas waar al die diere maats is.
Sy maak die lekkerste tee op die plaas.
Eendag nooi Hen vir Koei om ’n koppie tee te kom drink.
Op pad na Hen se huis toe loop Koei vir Donkie raak.
“Hallo, Koei. Waarheen gaan jy?” vra Donkie.
“Ek gaan na Hen toe vir ’n koppie tee,” sê Koei.
“Kan ek saamkom? Hen maak die lekkerste tee op hierdie plaas,” sê Donkie.
“Ja, jy kan,” sê Koei. “Ek is seker Hen sal nie omgee nie.”
“Hoera! Kom ons gaan!” sê Donkie.



On the way to Hen's house, they met Sheep.
 "Hello, Cow. Hello, Donkey. Where are you going?" asked Sheep.
 "We are going to Hen for a cup of tea," said Cow.
 "May I come too? Hen makes the best tea on this farm," said Sheep.
 "Yes, you may come," said Cow. "I'm sure Hen won't mind."
 "Yay! Let's go!" said Donkey and Sheep.
 Op pad na Hen se huis toe loop hulle vir Skaap raak.
 "Hallo, Koei, Donkie, Waarheen gaan julle?" vra Skaap.
 "Ons gaan na Hen toe vir 'n koppie tee," sê Koei.
 "Kan ek saamkom? Hen maak die lekkerste tee op hierdie plaas," sê Skaap.
 "Ja, jy kan," sê Koei. "Ek is seker Hen sal nie omgee nie."
 "Hoera! Kom ons gaan!" sê Donkie en Skaap.



12 regte van die kind

12 rights of the child



Suid-Afrika vier Nasionale Kinderdag op die eerste Saterdag in November.

South Africa celebrates National Children's Day on the first Saturday in November.

Alle kinders het hierdie regte, ongeag wie hulle is, wie hul ouers of families is en wat hul oortuigings is of wat hulle doen. Geen kind behoort om enige rede onbillik behandel te word nie.

All children have these rights, no matter who they are, who their parents or families are and what they believe or do. No child should be treated unfairly for any reason.

- | | | |
|-----|---|---|
| 1. | 'n Kind is enige persoon onder die ouderdom van 18 jaar. A child is any person under the age of 18. |  |
| 2. | Wanneer volwassenes besluite neem, behoort hulle na te dink oor hoe hul besluite kinders sal raak en wat die beste vir kinders is. When adults make decisions, they should think about how their decisions will affect children and do what is best for children. |  |
| 3. | Wanneer kinders gebore word, moet hulle geregistreer word en 'n naam gegee word wat amptelik deur die regering erken word. When children are born, they must be registered and given a name that is officially recognised by the government. |  |
| 4. | Wanneer dit ook al moontlik is, behoort kinders nie van hul ouers geskei te word nie, tensy hul ouers hulle nie behoorlik versorg nie. Hulle behoort hul ouers te ken en deur hul ouers versorg te word. Whenever possible, children should not be separated from their parents unless they are not looked after properly. They should know their parents and be looked after by them. |  |
| 5. | Regerings moet seker maak dat elke kind beskerm word en dat hul ouers of verantwoordelike persone na hulle omsien. Governments must make sure that every child is protected and looked after by their parents or responsible people. |  |
| 6. | Elke kind het die reg op privaatheid. Every child has the right to privacy. |  |
| 7. | Elke kind met 'n gestremdheid behoort die beste moontlike lewe in die samelewing te kan geniet. Every child with a disability should be able to enjoy the best possible life in society. |  |
| 8. | Elke kind het die reg op 'n opvoeding. Every child has the right to an education. |  |
| 9. | Kinders het die reg om hul eie taal te gebruik en hul kultuur en godsdiens uit te leef. Children have the right to use their own language, culture and religion. |  |
| 10. | Elke kind het die reg om te rus, te ontspan en te speel. Every child has the right to rest, relax and play. |  |
| 11. | Kinders het die reg op gesondheidsorg, gesonde kos, klere en 'n skoon, veilige plek om te woon. Children have the right to health care, healthy food, clothing and a clean, safe place to live. |  |
| 12. | Kinders het die reg om teen alle vorme van uitbuiting beskerm te word. Children have the right to be protected from all kinds of exploitation. |  |



Die Kersfeeskaping



Deur Bradley Paulse ■ Illustrasies deur Clyde Beech

Eendag, lank gelede, kom twee jong seuns, Kurt en Sandiso, in die rustige dorpie Sutherland met 'n onnutsige plan vir Kersfees vorendag.

Die vorige jaar was hulle twee baie soet, maar tot hul skok en ontsteltenis het Kersvader nie vir hulle een enkele geskenk onder die Kersboom gelos nie. Hulle is vasbeslote dat dit hierdie jaar anders gaan wees.

"Kurt," roep Sandiso met 'n frons, "wat verlede jaar gebeur het, is eenvoudig nie reg nie! Ons was soet, en wat het ons gekry? Niks, *lutho, nothing!*"

Kurt knik en sy oë blink ondeund. "Sandiso, ek dink ons moet iets doen om hierdie onreg reg te stel!"

Toe bedink die twee jong seuns 'n plan. Hulle is baie goed daarmee om goeters te bou, en in Kurt se pa se werkwinkel bou hulle die ongelooflikste goeters. Die vreemdste affêre van alles is 'n groot, baie sterk magneet!

"Ha, Sandiso, dit sal die ding doen! Ons sal ons magneet gebruik om Kersvader te vang en dan sal hy moet verduidelik hoekom ons nie laasjaar geskenke gekry het nie!" sê Kurt, met sy oë pieringgroot van opgewondenheid.

Op Oukersaand sit die twee seuns hul kragtige magneet in Sandiso se voertuig neer. Toe klim hulle op die dak om te kyk wanneer Kersvader aankom. Elkeen het 'n gongeweer, want dalk moet hulle vir Kersvader daar vasgom. Die seuns is vasbeslote om hom te vra hoekom hy so onregverdig was.



In die inklou naglug trek 'n flonkerende stippeltjie hul aandag. Dit word al hoe groter en kom al hoe nader. "Daar's hy!" fluister Sandiso verwonderd.

Die seuns se magneet is op die naderende voorwerp gerig. Maar die voorwerp lyk nie soos die prente wat hulle al van Kersvader se slee gesien het nie. Dit lyk eintlik baie meer soos 'n reusagtige rooi vragmotor met 'n enorme piering op die dak.

Kurt trek sy oë op skrefies en krap sy kop. "Is dit Kersvader se slee? Wat gaan aan?"

Die magneet trek die rooi voorwerp al nader totdat dit net onder die seuns se uitkykpunt in die tuin te lande kom. Met bewende bene klim hulle van die dak af en sluip op hulle tone tot by die vragmotor. Die piering op die dak lyk soos 'n ruimteskip. En wanneer die seuns by die voorkant van die vragmotor inloer, rek hul oë van verbasing. Kersvader en sy elfies is in nette verstrengel. Hulle spartel en spook om los te kom terwyl twee klein ruimtewesens op die vragmotor se enjinkap staan en hulle kwaai deur die voorruit aankyk.

"Wat op aarde gaan hier aan?" mompel Sandiso.

Toe die ruimtewesens omdraai om na hulle te kyk, rig Kurt en Sandiso hul gongeweere op hulle. "Vat so!" skree Kurt terwyl hy sy gongeweer druk en 'n straal taai gom uitskiet. Die ruimtewesens trek deur die lug en beland bo-op die groot piering op die vragmotor, waar hulle vassit.

Toe maak Kurt en Sandiso vir Kersvader en sy elfies uit die nette los. "Wat gaan hier aan, Kersvader?" vra Sandiso.

Kersvader is baie dankbaar om uit die nette te kom. Hy vryf oor sy groot ronde maag en begin lekker lag. "Wel, hierdie kapers kom van Mars af. Op Mars is een jaar byna twee keer so lank soos op die aarde. Hierdie ouens het besluit hulle kan nie wag dat *hulle* Kersfees kom nie, en daarom steel hulle nou die geskenke wat vir Kersfees hier op die aarde bedoel is!"

Kurt en Sandiso kyk na mekaar. "Ons het ook daaraan gedink om al die geskenke te steel, Kersvader, maar net omdat ons verlede jaar niks gekry het nie," biegt Kurt.

Kersvader glimlag. "Julle weet natuurlik 'n mens kan nie een fout met 'n ander fout regstel nie, nè?" vra hy.

"Ons weet," antwoord Kurt en Sandiso en lyk effens verleë.

Toe boender Kersvader en die elfies die moeilikheidmakers van Mars terug in hulle ruimteskip in. "Maak dat julle wegkom, ouens! En volgende keer wag julle vir jul eie Kersfees!" roep Kersvader toe die ruimteskip deur die naglug skiet.

Kersvader glimlag breed en draai na Kurt en Sandiso. "Julle het vandag gewys wat die ware gees van Kersfees is, seuns. Julle het opgestaan vir wat reg is en het Kersfees vir almal op die aarde gered."

Kurt en Sandiso knik instemmend. "Maar wat kan ons doen om dinge reg te stel, Kersvader? Ons wil nie saam met ander stout kinders op die lys wees nie."



Kersvader grinnik en klop albei op die skouer. "Hoe sal julle daarvan hou om Kersvader se deelytdse veiligheidswagte te wees? Dis natuurlik nie net Marsmannetjies wat die geskenke probeer steel nie. Julle uitvindings en julle dapperheid sal my baie help!"

Kurt en Sandiso se oë blink. "Dit sal ongelooflik wees! Ons sal baie graag help om Kersfees veilig te hou!"

En van daardie dag af is Kurt en Sandiso Kersvader se getroue veiligheidswagte.

Raak doenig met stories!

- ★ Het jy al stories oor Kersvader gehoor? Wat dink jy van die idee van iemand wat op Oukersaand vir mense geskenke bring?
- ★ In die illustrasies dra Kersvader winterklere en stewels. Teken 'n prent van Kersvader wat klere dra wat by ons warm somerweer pas.

- ★ Hoe dink jy lyk ruimtewesens? Maak modelle van hoe jy dink ruimtewesens lyk uit klei, speeldeeg, stukkies materiaal, wol en enige geskikte materiaal.



Drive your
imagination



The Christmas heist

By Bradley Paulse ■ Illustrations by Clyde Beech



Once upon a time, in the quiet little town of Sutherland, two young boys named Kurt and Sandiso came up with a mischievous plan for Christmas.

You see, the previous year, they had been very good, but to their shock and dismay, Father Christmas had not left a single present for them under the Christmas tree. They were determined that this year would be different.

"Kurt," Sandiso exclaimed with a furrowed brow, "what happened last year, just isn't right! We were good, and what did we get? Nothing, *lutho, niks!*"

Kurt nodded, his eyes gleaming with mischief. "Sandiso, I reckon we ought to do something about this injustice!"

And so, the two young boys set out on a mission. They were very good at building things and had built the most extraordinary gadgets in Kurt's dad's workshop. The most peculiar contraption of all was a huge, powerful magnet!

"Ah, Sandiso, this will do the trick! We'll use our magnet to catch Father Christmas, and he will have to explain why we didn't receive any presents last year!" Kurt said, his eyes wide with excitement.

On Christmas Eve, the two boys placed their powerful magnet in Sandiso's front yard. Then they climbed onto the roof to keep an eye out for Father Christmas. They each held a glue gun, in case they needed to glue Father Christmas to the spot. The boys were determined to question him about his unfair ways.



In the inky night sky, a twinkling dot caught their attention. It grew bigger and bigger and came closer and closer. "There he is!" Sandiso whispered with wide-eyed wonder.

The boys' magnet was aimed at the approaching object. But the object did not look like the pictures they'd seen of Father Christmas's sleigh. In fact, it looked more like a massive red truck with a huge saucer attached to the roof.

Kurt squinted and scratched his head. "Is that Father Christmas's sleigh? What's going on?"

The magnet drew the red object closer until it came to rest in the yard just below the boys' rooftop perch. With trembling legs, they climbed down from the roof and tiptoed closer to the truck. The saucer on the roof looked like a spaceship. And as the boys peered inside the front of the truck, their eyes widened in disbelief. Father Christmas and his elves were trapped in nets. They were struggling and squirming to get free while two little aliens stood on the truck's bonnet and glared at them through the windscreen.

"What in the world is going on?" Sandiso muttered.

As the aliens turned to look at them, Kurt and Sandiso aimed their glue guns. "Take that!" Kurt shouted as he squeezed his glue gun, unleashing a flood of sticky glue that sent the aliens flying and glued them to the big saucer on top of the truck.

Then Kurt and Sandiso freed Father Christmas and his elves from the nets. Sandiso asked, "What's going on here, Father Christmas?"

Father Christmas was very grateful to be free from the nets. He patted his big round belly and let out a hearty chuckle. "Well, these hijackers are from Mars. A year on Mars is almost twice as long as a year on Earth. These fellows decided that they could not wait for *their* Christmas to come around and have therefore been stealing the presents from Earth at Christmas time!"

Kurt and Sandiso exchanged glances. "Father Christmas, we were thinking of stealing all the presents too, but only because we received nothing last year," Kurt confessed.

Father Christmas smiled. "You know that you can't fix what's wrong, by doing something wrong, don't you?" he asked.

"We know," replied Kurt and Sandiso, looking a bit sheepish.

Then Father Christmas and the elves bundled the troublemakers from Mars into their spaceship. "Off you go, fellas! And next time, wait for your own Christmas!" Father Christmas shouted as the spaceship zoomed away into the night sky.

Father Christmas turned to Kurt and Sandiso with a warm smile. "You know, boys, you've shown true Christmas spirit today. You stood up for what's right and saved Christmas for everyone on Earth."



Kurt and Sandiso nodded vigorously. "But Father Christmas, what can we do to make things right with you? We don't want to be on the naughty list."

Father Christmas grinned and patted them both on the back. "How would you like to be part-time security for Father Christmas? It's not only the Martians who try to steal the presents, you know. With your gadgets and bravery, you'd be a big help!"

Kurt and Sandiso's eyes lit up. "That would be amazing! We'd love to help you keep Christmas safe!"


And so, from that day forward, Kurt and Sandiso became Father Christmas's trusted security team.

Get story active!

- ★ Have you heard stories about Father Christmas? What do you think about the idea of someone bringing gifts to people on Christmas Eve?
- ★ In the illustrations, Father Christmas is wearing winter clothes and boots. Draw Father Christmas wearing clothes to suit our hot summer weather.
- ★ What do think aliens look like? Use clay, play dough, bits of material, wool and any suitable material to make models of what you think aliens look like.

Nal'ibali-pret

Nal'ibali fun



1

Nasionale Kinderdag is elke jaar op die eerste Saterdag van November. Lees wat sommige van die Nal'ibalikinders sê vir hulle 'n belangrike kinderreg is. Skryf dan op strokies papier neer watter kinderregte vir jou belangrik is. Skryf een ding op elke strokie.

National Children's Day is on the first Saturday of November each year. Read what some of the Nal'ibali children say is an important children's right for them. Then write down which rights of children are important to you on strips of paper. Write one thing on each strip.

Elke kind het ... nodig.

Every child needs ...




Elke kind het gesonde kos nodig.
Every child needs healthy food.



Elke kind het boeke nodig om te lees.
Every child needs books to read.




Elke kind het 'n veilige speelplek nodig.
Every child needs a safe place to play.



Elke kind het 'n opvoeding nodig.
Every child needs an education.


2

a) Alle kinders het die dinge in die prent nodig. Nommer die prente van 1 tot 5, waar 1 is waarvan jy die meeste hou en 5 minder belangrik is vir jou.



b) Kleur die prent in.

a) All children need the things in the picture. Number the pictures from 1 to 5 where 1 is what you love the most and 5 is less important to you.



b) Colour in the picture.



Ons neem 'n blaaskans tot Februarie 2025. Sluit dan weer by ons aan vir nog Nal'ibali-leesplezier!

Gaan intussen na www.nalibali.org vir stories en lees- vir-genot-inspirasie.

We will be taking a break until February 2025. Join us then for more Nal'ibali reading magic!

In the meantime, visit www.nalibali.org to find stories and reading-for-enjoyment inspiration.



Nal'ibali is hier om jou te motiveer en te ondersteun. Kontak ons op een van die volgende maniere:

Nal'ibali is here to motivate and support you. Contact us in any of these ways:



TheNalibaliChannel nalibaliSA @nalibaliSA @nalibalisa @nalibalisa
nalibalisa The Nal'ibali Trust +27 64 801 5496

Produced by The Nal'ibali Trust. Translation by Anita van Zyl. Nal'ibali character illustrations by Rico.



Drive your imagination

